**Maandag 14 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:41-48**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:41, 42 (AFR83/AFR2020)**
**Die Woord van die HERE leer my om met vrymoedigheid rekenskap van my geloof te gee!**

Wees altyd bereid om rekenskap van jou geloof te gee. Die digter bid in vers 41-42 om redding sodat hy met vrymoedigheid, op grond van die beloftes van God se Woord en sy vertroue daarin, sy liefde vir God en sy Woord teenoor sy vyande te kan verduidelik.

Wanneer ons die waarheid praat, sal ons nie beskaamd staan nie. God se Woord verander nie. Dis die absolute waarheid en kan altyd vertrou word, ongeag die omstandighede. Wat God as reg verklaar het, sal altyd reg wees en wat God as sonde en verkeerd verklaar het, sal altyd sonde en verkeerd wees.

Wanneer iemand verklaar dat daar geen absolute waarheid is nie, het daardie persoon sy eie stelling op grond van logika ontken. As daar nie ’n absolute waarheid is nie, dan is daar inderdaad ’n absolute waarheid. Wanneer ons verklaar dat God se Woord die absolute waarheid is, kan ons dit met genoegsame bewyse uit elke wetenskaplike veld staaf. Hoe meer wetenskaplikes ontdek, hoe meer word die waarheid van God se Woord bevestig. Hoewel baie teorieë deur die jare heen die Bybel weerspreek het, was daar nog nooit enige werklike bewyse wat dit doen nie.

As die Woord van God nie die absolute waarheid is nie, dan het Hy ons geskep en ons sy wil gegee, maar ons sal nooit weet of dit nog steeds van toepassing is of verander het sedert ons dit die laaste keer gelees het nie. Hy sou voortdurend sy nuwe waarheid aan ons moes openbaar en daar sou nie iets soos lewe wees om Hom te behaag nie. In teenstelling met die mens verander God nie sy besluit met elke nuwe idee of neiging wat opduik nie.

Die grootste Waarheid is Jesus. Hy is die Woord van God. Hy is die Ewige Lewe. Hy is die Bron van Redding. Hy is die Poort wat na die hemele lei. Hy is ons Verlosser, maar Hy is ook ons HERE, ons Meester en Leier. Jesus is die Openbaring van God se absolute waarheid aan ons.

*Sing: Psalm 86-1:1*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*